

Skriflesing: Psalm 57Teks: **Psalm 57: 1b,9****Sing: VOORAF SANG – Ps. 138:1,4****TYDENS EREDIENS – Ps. 89:2; Ps. 57:1,3; Ps. 142:1,3,4; Sb. 15-7(43):1,4****Psalm 57****Psa 57:1** Vir die koorleier: op die wysie van "Moet dit nie verwoes nie!" Van Dawid. 'n Gedig, na aanleiding daarvan dat hy vir Saul in die grot in gevlug het.**Psa 57:2** Wees my genadig, o God! Wees my genadig, want by U soek ek skuiling. Onder u vleuels sal ek skuil tot die bedreiging verby is.**Psa 57:3** Ek roep na God, die Allerhoogste, na God wat my sal help.**Psa 57:4** Hy sal uit die hemel antwoord en my red, Hy sal dié wat my jaag, die stryd laat verloor. Sela God sal antwoord in sy liefde en trou.**Psa 57:5** Ek is hier tussen leeus, tussen mense wat my wil verskeur. Hulle tande is spiese en pyle, hulle tonge is skerp swaarde.**Psa 57:6** Toon u grootheid, o God, hoog bo die hemel, u mag hoog bo die aarde.**Psa 57:7** Hulle het 'n strik vir my voete gespan, hulle wou my breek, hulle het 'n gat vir my gegrawe, maar self daarin geval. Sela**Psa 57:8** Ek voel weer veilig, o God! Ek voel weer veilig! Ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing.**Psa 57:9** Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak!**Psa 57:10** Onder die volke wil ek U loof, Here, onder die nasies u lof besing,**Psa 57:11** want u liefde reik tot in die hemel, u trou tot in die wolke!**Psa 57:12** Toon u grootheid, o God, hoog bo die hemel, hoog bo die aarde u mag.**Skriflesing:** Psalm 57Teks: **Psalm 57: 1b,9****Sing: VOORAF SANG – Ps. 138:1,4****TYDENS EREDIENS – Ps. 89:2; Ps. 57:1,3; Ps. 142:1,3,4; Sb. 15-7(43):1,4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in hierdie Psalm van Dawid was hy in omstandighede wat die Psalm eintlik op heelwat maniere 'n besondere Psalm maak. Ons lees heel aan die begin dit is 'n gedig na aanleiding van sy vlug vir Saul waar hy in 'n grot ingevlug het.

Nou was daar ten minste twee kere wat Dawid vir Saul in 'n grot weggekruip het. Die eerste keer was by die Adullam-grotte, wat ons die geskiedenis in 1 Samuel 22 van lees. Die ander keer waar Dawid in 'n grot vir Saul geskuil het, lees ons in 1 Samuel 24, by die Engedi-grotte. Dit was die dag wat Saul ook vinnig die Engedi grot wou ingaan vanweë sy maag. Saul het in die grot ingegaan om soos die ouer Vertaling dit mooi stel *sy voete te bedek* dit kom maar gewoon daarop neer die natuur het geroep en Saul moes toilet toe gaan, hy het vinnig die grot ingegaan om te ontlast.

Ja, sou ons selfs kon sê die stank van ontlasting het dalk nog in die grot gehang maar dit verhinder Dawid nie om die mooie Psalm te skryf nie. As dit sou wees dat Dawid Psalm 57 geskryf het met 1 Samuel 24 se gebeure dan is die pragtige woorde, geïnspireerde woorde deur

die Gees neergepen, te midde van die stank en reuke van die wêreld, wat as die natuur Saul die grot indwing, tog werk die Gees waar selfs die stank van mense reuk vol is. Niks keer die Heilige Gees om sy werk te doen nie. Dit met 1 Samuel 24 op die agtergrond. Tog sien ek meeste kommentare sien Psalm 57 met 1 Samuel 22 op die agtergrond. Ook was dit eenaardige omstandighede waarbinne Dawid was, maar hy skryf die Psalm. Wat was dan die omstandighede in 1 Samuel 22?

As ons hier Dawid se omstandighede lees dan sien ons saam met hom in hierdie grot is nogal 'n groot groep mense. 400 vlugteling skuil saam met hom hier waar hulle vir Saul wegkruip. Dawid se bejaarde ouers wat sekerlik nie meer so maklik kon beweeg nie, het saam met hom die grot ingekruip toe daar weggekruip moes word. Ons lees ook van sy broers was saam met hom (1 Sam 22:1).

Tog is die res van dié “grot-gemeente”, 400 manne, wat die grot hulle skuiling gemaak het eintlik nie die gesigte van mense wat uit die mooi en voorste plekke in die lewe gekom het nie. Mense wat eintlik nie in die kerk verwag sou word nie, maar iets van kerk-wees kan partykeer 'n grot-saak word. Daar waar God mense uit die slegte plekke van die lewe gaan uithaal kan dit gebeur dat God mense sy Kerk maak wat ons eintlik nie dié mense kerk van God sou wou noem nie.

Lees ons die verdere agtergrond van Psalm 57 (in 1 Sam 22) dan word dit baie duidelik wie is die mense saam met Dawid. Dis 'n miserabele klomp, skelms onder hulle, ook armes, mense wat vir slegte skuld gesoek was, kwaaddoeners, verbitterdes, mense wat beangs was. Ons lees ... *Verder het elkeen wat in die moeilikheid was, en elkeen wat 'n skuldeiser gehad het, en elkeen wat verbitterd was, by hom aangesluit, en hy het hulle leier geword. Daar was ongeveer vier honderd man by hom.*

Dit is duidelik die vergadering in die Adullam-grot sou sekerlik nie aanvanklik 'n vergadering kon wees waar mens kon dink daar 'n Psalm hieruit kon kom nie. Dit raak 'n nog benouder saak, want Dawid is die leier, maar hy is leier van die uitgeworpenes in die samelewing, verbitterdes, beangste mense. Hy is 'n leier ten behoeve van mense wat al die skerp kant van die

lewe gevoel het, mense wat jy hulle jare-lange gesukkel op hulle gesigte sou kon lees. Die mense wat ons ook kan noem vlerk-af mense.

Wanneer Dawid die Psalm skryf en so baie keer is die Psalms eintlik ook niks anders as gebede nie, dan sien ons in Psalm 57 Dawid bid ook in belang van hierdie seerkry mense. Mense van heinde en vêr deur hulle ellende saamgevoeg. Mense wat weet enige oomblik kan Saul of dalk enige van hulle ander vyande toeslaan. In vers 5 beskryf Dawid die gevaar in sy onmiddellike omgewing. *Ek is hier tussen leeus, tussen mense wat my wil verskeur. Hulle tande is spiese en pyle, hulle tonge is skerp swaarde.* Dit is duidelik van ander mense kan Dawid geen hulp verwag nie. Die enigste Wie kan help is Hy Wie die HERE is. Daarom dat Dawid baie vroeg in die Psalm vra- *Wees my genadig, o God! Wees my genadig, want by U soek ek skuiling ...*

En sou ons die Psalm in sy geheel plaas dan is hierdie roepe om hulp en genade deur twee besondere gewaarwordinge omring. Ons sien hoe Dawid sy vertrou in God bely. Ja, hy vertrou waarlik God is die Een, God is die enigste Een wat hom waarlik kan help. Ons hoor Dawid se besondere vertrou in vers 4 as hy dit sonder enige twyfel wil stel- *Hy sal uit die hemel antwoord en my red, Hy sal dié wat my jaag, die stryd laat verloor. Sela God sal antwoord in sy liefde en trou.*

Wanneer Dawid met soveel oorgawe en vertrou sy belydenis teenoor God duidelik stel, dan is vv. 4 tot 6 nog weer 'n bevestiging van hoe groot is die krisis werklik waarin hy hom bevind. Hy beleef sy krisis op verskillende vlakke en maak nie geheim van hoe blootgestel hy voel nie. Ons moet ook nie as ons in die nood en krisis kom, dink ek sal maar alleen hier moet deur. Daar is niemand wat my kan help nie. As dit my gesindheid is, dan maak ek my krisis eintlik net nog groter. Dawid beleef sy krisis baie intens as hy in vers 7 dit beskryf dat hulle het my tot in my siel wou breek. *Hulle het 'n strik vir my voete gespan, hulle wou my breek, hulle het 'n gat vir my gegrawe ...* Die ouer vertaling stel dit ... *Hulle het 'n net gespan vir my voetstappe, hulle het my siel neergebuig; hulle het 'n kuil voor my gegrawe ...*

Maar dan sien hy hoe God sommer in dieselfde asem ook die uitkoms kan gee. Hulle wil vir hom 'n gat grawe maar dan val hulleself daarin. Is dit nie wat Ester en haar oom Mordegai ook

beleef het toe Haman vir Mordegai 'n galg wou bou en op die einde is hy aan sy eie galg opgehang?! Moet nie te haastig wees om vir ander 'n galg te bou nie, dit kan dalk my eie galg word.

Om in die storms van jou lewe te bly sing, selfs met toilet-reuke rondom jou, dit wat jou baie bang en benoud kan maak, is moontlik. Maak nie saak hoe groot die krisis mag wees nie, maak nie saak watter tipe van mense my omring nie, baie keer ongure karakters. Hy lê onder die leeus (v 5). Hulle wat my krisis vir die onmiddellike net nog groter kan maak, vir hulle kan hy nie weghardloop nie. Hoe het Daniel skouspelagtig iets van hierdie krisis nie net oorleef nie, maar het Daniel ook iets van Psalm 57 kon wys. Wie dra die werklike sleutels van die lewe. Wie besit op die einde die sleutelmag oor jou en my lewe. Al was Daniel in die leeuuil gegooi, het die Here die bekke van die leeus gesluit. Hulle kake kon nie roer nie. Elke spiertjie in 'n leeu se bek verlam as God só besluit. Hoe sterk daardie kake ook mag wees, God regeer daaroor!

Die God wat in Psalm 57 Dawid daarby gebring het, in sy gebed en smeking toe sy nood groot was. Dawid se Psalms is in so baie opsigte gebede, maar weet u die Psalms is nie net liedere en gebede nie, in baie opsigte is die Psalms ook dit wat ons kan noem *onderwysing*. Ek moet by die groot Onderwyser, Hy wat ons Leermeester is, ons Here Jesus Christus moet ek elke keer ook bereid wil wees om iets te leer as ek die Psalms lees. Ek bid en ek leer terwyl ek sing, watter voorreg is dit nie!

Dit wat die einde van Psalm 57 ons by bring is inderdaad 'n onderwysing. Daardie leerskool van om in jou moeilikheid jou te verbind tot die ware erediens. Die Engelse kommentare noem die einde van die Psalm “'n commitment to worship”. 'n Ware toegewydheid in jou aanbidding van die Here. Dawid wil vroeg in die dag daarmee begin. *Ek voel weer veilig, o God! Ek voel weer veilig! Ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing. Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak!* Die OAV stel dit - *My hart is gerus, o God, my hart is gerus; ek wil sing en psalmsing. Waak op, my eer! Waak op, harp en siter! Ek wil die dageraad wakker maak!*

Watter besondere leerskool van die lewe het iemand al deurgegaan as dit nie die rooidag is wat die mens wakker maak nie, maar dit is die mens wat die dag wakker maak. Hoe het Jesus met sy

opstanding dit daadwerklik gewys. Toe die rooidag breek, daardie Sondag-oggend, toe was sy graf alreeds leeg. Hy het die dag wakker gemaak en het nie die dag Hom wakker gemaak nie.

Watter voorreg om elke dag, ja elke oggend nog vóór die dag gebreek het, wakker te word met die besef ek is in Christus verlos. Daarom is jy 'n verlose van God. Al gaan ons deur ang en benoudheid wat Dawid in Psalm 57 goed beskryf, tog wil hy die rooidag wakker sing. In die Here is dit moontlik om in ang en benoudheid ook rustig en kalm te wees. So besef ons vandag die Here gee uitkoms, soms op die vreemdste manier. Van die grootste geskenke wat God aan ons as mense gee is wat Jesus ook in sy eerste preek op aarde gesê het. Om te midde van al die dinge steeds bly te wees. *Salig is wat treur want hulle sal vertroos word.* Hoe het Jesus hierin Self die voorbeeld gestel. Jesaja het Jesus verkondig as 'n *man van smarte, bekend met krankheid* (vgl. Jes. 53:3) maar dan sien ons vanuit hierdie profesie dat Jesus het ten spyte van sy omstandighede sy krag en vreugde in die Here gevind. Om vreugde te mag ervaar te midde van pyn is wat God ons wil skenk. Paulus het dit in Romeine 5 vers 3 ook goed saamgevat as ons lees - *Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding ...* Ook as Paulus aan die Thessalonicense skryf dan herinner hy hulle daaraan in 1 Thes 1 vers 6 - *In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydschap wat van die Heilige Gees kom.*

Mag dit die gesindheid wees waarmee ons ook vandag God se Woord uit Psalm 57 kon ontvang. Ons hoef nie angstig bekommerd rond te lê oor wat môre gaan gebeur nie of dit wat die toekoms inhou nie. Kom ons dit gelowig en met vertrouwe aan die Here oorlaat en eerder saam met Dawid, met vreugde, met dankbaarheid, met oorgawe die rooidag wakker sing.

AMEN